

15 Junie Hebreërs 2:5-18

(Teks: 2:14 -15)

Die dood van Christus - bevry van slawerny

Die Seun van God het mens geword nie ter wille van die engele nie, maar ter wille van die mens. Hy neem 'n menslike natuur en staat aan. Hy moes in alles aan die mens gelyk wees om sy werk te doen. Hierin word die wonderlike liefde van God aan die mens geopenbaar.

Christus moes homself verneder tot in die dood. Hy kon nie anders as om die dood deur die dood te oorwin nie. Die dood moes oorwin word sodat ons nie as slagoffers van die dood vernietig sou word nie. Deur sy dood kon Hy ons alleen bevry van die dood.

Die dood is eintlik 'n vernedering. Christus moes Homself verneder tot in die dood sodat Hy deur die genade van God vir almal die dood sou smaak. Deur sy dood het Hy die duiwel wat mag oor die dood het, vernietig. Christus is die enigste wat met die dood kon werk en het oorwin om ons daardeur kinders van God deur die Heilige Gees te maak.

God wil die gelowige tot heerlikheid bring deur die lyde en sterwe van Christus. Die vrees van die gelowige vir die tydelike dood is nou weg. Wat 'n troos is daar nie, dat hierdie slawerny, om jou te belet om tot die Here te nader, nou verbreek is, want die Hoëpriester neem die sonde weg en baan die weg om weer tot God te nader. Deurdat ons deur die geloof in Christus ingelyf is, beteken dit dat ons ook die dood oorwin het.

Sing Skrifberyming 8:4 Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)